

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

12.01

Frikkie Marais
Frikkie Marais
Sep 29 2014 4:08 PM

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Sondagsrivier

Titel van Projek: 3G Gemeenskapsweek

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekteleier
Naam:	Frikkie Marais
Posadres:	4 Van der Spuy straat, Despatch
E-pos:	frikkieemarais@gmail.com
Faks:	041 933 1565
Tel. (k):	041 933 1390
Tel (h):	041 933 1390
Selfoon:	082 658 6297

Frikkie Marais

Frikkie Marais
Sep 29 2014 4:10 PM

29 September 2014

Handtekening Projekvoorsteller

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende Frikkie Marais, hoedanigheid as skriba van die Ring van Sondagsrivier, dat hierdie projek op 30 Sept. 2014 deur die Ringskommissie goedgekeur is.

Frikkie Marais

Frikkie Marais
Sep 29 2014 4:10 PM

30 September 2014

Handtekening Voorsitter / Skriba

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die 3G Gemeenskapsweek wat die eerste week van September 2015 sal plaasvind, het ten doel om die gemeenskap van Despatch te inspireer en te aktiveer om verantwoordelikheid te neem vir die welwese van ons gemeenskap om 'n ruimte te wees waarin gesinne kan floreer in 'n gesonde en gelukkige klimaat. Die inisiatief daag al die besighede, organisasies, skole, kerke en individue uit om deel te neem en projekte in hierdie verband te loods. Vanjaar was die tweede jaar wat die 3G die inisiatief geloods het met toenemende impak en inspererende verhale.

Die N.G. Kerk het hierdie jaar die "MOONWALK" as projek aangebied met die doel om die gemeenskap op 'n gesellige en prettige manier saam te snoer en ook geleentheid te skep waar al die ander projekte geleentheid kry om hulleself te bekend te stel. Die "MOONWALK" sinspeel op "aliens" en neem die vorm aan van 'n pretstap. Die doel van die stap is nie om te wen nie, maar om met soveel as moontlik mense kennis te maak langs die pad. Leuse vir die stap is: "n Vreemdeling is net iemand saam met wie jy nog nie 'n pad gestap het nie." Hierdeur probeer ons verskeidenheid tussen kultuur- en portuurgroepe afbreek en onderling insig en vertroue kweek.

Die "Moonwalk" is 'n wonderlike geleentheid as gesinsaktiwiteit en ervaringsleer. Ons wil gesinsbande verstewig aangesien dit 'n groot bron van kommer in ons gemeenskap is en baie maatskaplike probleme daaruit spruit.

Ander projekte wat hierby inskakel is die WeMiND foundation. Hierdie vennootskap verskaf wonderlike diepte tot die projek deurdat hulle die gemeenskap bewus maak van spiersiektes. Hierdie jaar het die Hoërskool aangebied om sulke deelnemers te vergesel en te help as dit nodig sou wees.

Nog 'n vennootskap wat ons volgende jaar tydens die stap wil uitbou, is dié met "Character Transformation." Die skole op Despatch is almal reeds deel van die vennootskap, maar dit is belangrik dat dit nie momentum verloor nie en dat ouers heelhartig inkoop en toegerus word om dit tuis voort te sit.

Hierdie jaar het een gemeente die projek geloods, maar ek glo dat dit volgende jaar te groot gaan wees en dat die doel dit regverdig dat ons al die gemeentes op Despatch betrek by die projek. Daar is baie wonderlike geleenthede om op voort te bou. Elke gemeente neem bepaalde organisatoriese verpligtinge, beman 'n "waterpunt" + aktiwiteit wat verdere verhoudinge en gees bou, en bedien die deelnemers met liefde deur die inhoud van die "Vibrant Faith Framework". Hierdeur word die NG kerk en Christelike geloofsgemeenskap se beeld in die gemeenskap gebou as 'n agent van hoop, goedheid en omgee.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 5 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die HELE gemeenskap van Despatch, omliggende gebiede en belangstellendes van buite.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Voorbereiding en reklame vanaf begin Augustus	1 Maand

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Ds. Frikkie Marais	NGK Retief
Ds. Andre Lotter	NGK Eendrag
Ds Philip kuhn	NGK Bothasrus
Ds. Chris v/d Westhuizen	NGK Dagbreek
Ds. Wouter O'Kennedy	NGK Noord
Ds. Hermie	NGK Suid

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Reklame en registrasie materiaal:	

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

--

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Besik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Geen > Gemeentes sal elk nog eie inividuele uitgawes hê t.o.v. die praktiese uitvloeï van die projek. Ek doen net aansoek vir die reklame van die projek om daardie las vir die gemeentes te verlig.	
TOTAAL:	

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste	
• Verblyfkoste	
• Rekenaaruitgawes	R 500

• Skryfbehoeftes	R1000
• Drukwerk	R8000
• Telefoon	R 500
• Posgeld	
• Verversings	
• ANDER (spesifiseer asb):	
TOTAAL:	R10 000

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 7.5.2 hierbo):	
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (7.5.1 hierbo):	
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R10 000

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
Julie	R5000
Augustus	R5000

8.5.5 HOE en AAN WIE moet die uitbetalings gemaak word?

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Ring van Sondagsrivier

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Aangesien dit die eerste jaar is wat ons die inisiatief neem om gesamentlik as NG Kerke betrokke te wees, moet daar nog baie praktiese beplanning geskied. Ons sal seker volgende jaar 'n beter uiteensetting kan gee as ons weet wat om te verwag. Ons wil baie graag die geleentheid gebruik om die breër gemeenskap te bedien en bewus te maak van die gawes wat die Here aan ons gemeenskap skenk deur ons geloofsgemeenskappe. Soli Deo Gloria

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
 Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf